**SONDAG 15 MAART**

**SKRIF- EN FOKUSGEDEELTE: MATTEUS 15:21-28 (MARK. 8:11-21)**

## Die Kanaänitiese vrou – bid aanhoudend

Wonder u ooit waarom God nie op u gebede antwoord nie? Dink u soms dat u gebede tevergeefs is?

Sekerlik sou die Kanaänitiese vrou ook so kon dink. Sy moes moontlik ’n hele afstand aflê om Jesus op te soek en met Hom te kon praat. Toe sy na Hom roep, antwoord Hy haar nie. Sy het geweet dat sy deel is van ’n volk wat gehaat word deur die Jode. Tog het sy aanhou roep na Jesus.

Die dissipels wil haar wegjaag, net soos wat ons vandag voel wanneer ’n bedelaar aanhou neul vir kleingeld. Jesus gee dan vir sy dissipels ’n antwoord, maar nie vir haar nie. Steeds het die Kanaänitiese vrou geen antwoord gekry nie. Sy hou egter nie op om vir Hom te vra “Wees my barmhartig, Here, Seun van Dawid” nie. Sy het voor sy voete gaan neerval en gesê: “Here, help my.” Selfs nadat Jesus haar met ’n hond vergelyk het, het sy aan die genade van God bly vashou. Sy het haar kleinheid en sy grootheid besef.

Die Kanaänitiese vrou se groot geloof is sigbaar in haar volharding ten spyte daarvan dat sy vir ’n lang tyd geen antwoord gekry het nie.

Jesus sê vir ons: “Bid aanhoudend, en vir julle sal gegee word; soek aanhoudend, en julle sal vind; klop aanhoudend, en vir julle sal oopgemaak word” (Matt. 7:7, NLV). God toets ons geloof deur onder andere nie onmiddellik vir ons antwoorde te gee nie.

Moet dus nie moed verloor nie. Hou u oë op God gerig en bid sonder ophou, al voel dit of u geen antwoord kry nie. Jesus het ’n nie-Joodse vrou gehelp, hoeveel te meer sal Hy nie na sy eie kinders se gebede luister nie!

*Sing: Psalm 5:1, 5 (2001) of Psalm 5:1, 2 (1936)*

*Teologiese Student Peter Hattingh*